Appendix F: History of the land in Riebeek Kasteel - By Mev. Maria Apollis"

History of the coloured people's journey from their place in Riebeek Kasteel (Ou Kloof) to Esterhof as a result of the Group Areas act.

Aan die voet van Kasteelberg het Ou Kloof in die valei gele. Ons mense het self die huise gebosu, van self gemaakte klei-stene. Die dak balke, skewe en krom, bloekomboom pale. Genoeg son en reen gekry. Geen elektrisiteit, lopende water was vir ons beskore. Ons het geken van houtvure, olie lampies en vetkerse. Die reuke van die lampe en kerse was uniek. Nou nog wek dit heimwee.

Ons kinders se vergader plek was na-middae by die 'reservoier' . Ons het ons daaglikse water daar gaan tap. Met 'n dra-stok oor ons skouers het ons elke keer twee emmers gedra. Almal van ons was eenders behandel. Die uitverkorines was die onderwysers en die Sending Kerk leiers. Ons het geglo ons hoort by mekaar. Net ou mans het ouderlinge en diakens geword. Die ring koppe van die Ou Kloof Godsdienstig het hulle die septer geswaai. Moes oppas vir hulle anders het jy 'n kerk-lose begrafnis gekry. Oom Jantjies, Oom Lukas, Oom Bul se kyke was genoeg om jou stuipe te laat kry.

Ons skool kinders het dit nie almal tot Std.6 gemaak nie. Maar Std.6 was eers genoeg vir ons. Ons Ma's het die meisie kinders aan die wit vrouens verhuur.. Vir min geld maar darem vir kos en om te leer om te werk.

Die kleurlinge se kerk het bo-op die heuwel gestaan. Dit was sommer die skool ook. Die heuwel het my altyd laat dink aan Golgota. In my verbeelding het ek altyd die kruisiging van die Here herleef.

Pietie was die beste plank-kar maker. Met 'n gevaarlike spoed het hy die heuwel af gegaag., In die laagte het hy so 'n es gegooi, so met 'n draai kom stop. Mannetjies, Kidos en Fanie het soms 'n kans gewaag.

By-name was aan die orde van die dag. Almal het mekaar geken. Met ons ore op die grond het ons alles van mekaar geweet. Ons het regtig omgegee vir mekaar. Dit wat min het kon kry by die wat baie het.

Ons het nie graag in die wit-dorp gekuier nie. Dit was apartheids jare. Die Ou Kloowers het hulle nie aan politiek gesteur nie. Ons belange was by die Kerk en die skool. Ons het so 'happy en content' in ons wereldtjie geleef. Meeste van ons mense was plaasarbeiders. Daar was darem 'n paar gebou-manne ook wat kon huise bou. So was ons huise ook maar gebou. So 'n bietjie skeef en krom gebou maar darem. Die meeste was heel dienlik en skaflik.

Ons was nooit vervelig nie. Ons program vir die week was propvol. Sondae was kerkdag. Maandag tot Vrydag het die groot mense gewerk. Ons kinders het skool gegaan. Na-middae het ons naaldwerk en breiklasse by Misses Afrika gekry. Seisoen-tye het ons kinders ook met tabak-oes en druiwe pars gaan werk, water aan dra en hout gaan haal was ook ons kinders se werk. Ons houthaal plekke was ver. Dit was 'dal van koelte' die diep kloof bokant Kloovenberg en Rooi Draai 'n gedeelte in die pas.

Ou Kloof en die witdorp was langs mekaar gelee. Twee winkels, 'n slaghuis polisie kantoor, poskantoor, hotel en kantien het die dorp gehad. Die kantien het net twee bottles wyn weekliks aan 'n persoon verkoop. In die middeldorp was die witmense se kerk, met die horlosie in die toring. Ons almet het gebruik gemaak van die horlosie en uurlikse klok gelui. Dit was die enigste horlosie tussen ons bruin mense. Van ons pa's het darem sak horlosies besit.

Ons was so 80 huisgesinne, met baie kinders. Ons het altyd kos gehad. Die kos was daardie tyd goedkoop. Ons pa's het vir min geld gewerk. Hulle het weekliks die randsoen kos by die boer gekry, waar hulle gewerk het. Elke dag het die werkers ook 'n blik bekertje wyn gekry.

Ons het in vrede met mekaar geleef. Ons was nooit bang nie. By ons was nie kompetiesies nie. Almal het maar die

basiese meubels in hul huise gehad. Armoedig maar skoon. Oor die weg gekom met misvloere, kelimure en die noodsaaklike klein -huisie. Moes self ons ontlasting begrawe het. Die emmer stelsel het later ingetree. Vrydae koerantpapiere geknip en agter die kleinhuise se deur aan 'n draad gehang.

Elke jaar na koring oestyd het ons ma's vir ons matrasse gemaak. Meel sakkies is aan mekaar gewerk. 'n Groot sloop is gemaak. Stampvol kaf gestop. Ons kinders moes dan die hoe matrasse plat baljaar. Ons ma's het ook ons klere gemaak, die fynste onderklere van uitgekookte meelslopies. Met kant ook afgewerk. Die jongetjie kinders se broeke het sommer "bicycle tjoep' geknipte rek in gehad. 'n Wit vrou Mis Toetie het ons beste klere gemaak.

Omtrent elke huisgesin het hoenders en 'n vark aangehou. Ons het groentetuine en blom tuine ook gehad. In die skraal maande het ons hoenders en eiers by die winkel geruil vir groceries. Vrugte was vol-op. Ons mense wat op die plase darmee gewerk het, het gesorg dat ons genoeg kry. Die meeste tuine het 'n kweperlaning, turksvy-bos, granaatbos en vyebome gehad.

Die onderwysers by die skool het vir ons die heel beste geleerdheid gegee., Hulle het ons laat koor sing, ligaams oefeninge doen, vaardighede vir meisies en seuns geleer, konsertspeel en hard laat leer. Ons het slae ook gekry. Die onderwysers en onderwyseresse het so 'n bietje eenkant gewoon en gelewe. Tog het ons wedersydse respek vir mekaar gehad. By die skool het ons Iste pouse melk en brood gekry. 2de pouse het ons 'n lemoen of druiwe gekry. Ons het ook sop in die winter gekry. Antie Bok het die heerlikste sop gekook. Ons het ook cod-liver oil daagliks gekry. Oor die algemeen was ons gesond. Het uithou vermoee gehad, ligame was gewoond aan alle elemente van die natuur. Die cod liver-oil was 'n teen middel vir tering., As jy die siek sou kry, was jou doodsvonnis reeds geteken. In 'n hout huisie ver van die woonbuurt, was jy in afsondering gehou. Die huisie was net vir bruin pasiente.

Die ont-hou's is met heimwee gevul. Soet, geen verbittering. Ou Klowers het mekaar verstaan. Tevrede, dit was genoeg. Ons kinders het kaal voete geloop tot ons die skool verlaat het. Die skool gaan het ons goed gedoen. Meeste van ons was leer-gierig. Het ambisie gehad. 'n Predikant, onderwysers, onderwyseresse, polisiemanne, verpleegsters, bewaarders, skuriteits-wagte en vele ordentlike werke het Ou Kloof se kinders vir ons ge lewer. Ons het ons eie vermaak en plesiere geken. In die stofstrate het ons alle denkbare speletjies gespeel. Dit was ablou, touspring, 'tippy, tippy behind your side' , tol kap en kenntjie. Baie gedans en gesing ook.

Appel het vir ons engelse songs geleer. Annatjie Lukas se Kaapse niggies het ons vakansie tye, die nuutste danse geleer. Ja, langarm ook. Die grammy-phone plate en seven singles het ons in Malmesbury gekoop. By die kruispad waar Antie Keloes gebly het.het ons gedans. Hartjie het die kitaar gespeel.

Op so 'n stukkie ope veld het die seuns soms met 'n bal geskop. Nie regtig rugby nie. Hulle veldjie het nie rugby-pale gehad nie. Die meisies het graag pop gespeel. Pop klere gemaak en oor en weer gekuier. Een aand het Lena, Let en Gerty se poppe by Lene se poppe oor-nag. 'n Rondloper vark het daardie nag al hul semel poppe op ge-eet. Dit was nou gedoente. Net soos begrafnis.

Begrafnisse was nou vir jou 'n 'sad story'. Almal was betrokke. Ons kinders mag nie lyke gaan kyk het nie. Die lyk-huis was nooit gesluit nie. So het ons skelm die lyke gaan kyk. Ons het veldblomme gepluk, kranse gemaak, en getreur saam met die naasbestaandes. Baie van ons huil seker nog saam met oom Jan se kinders. Sy vrou het gesterf en 'n klomp wesies agtergelaat. Die was Oumatje, Boekies, Willem, Boesman en die Kleine Jannie. Ons maat, Saaitjie van Kloovenburg moes haar boetie Ruitertje ook aan die dood afstaan. Ons mans het self die doodskiste gemaak.

Op 'n dag het oom Krisjan Gesigge se huis afgebrand. Hy en sy gesin het toe sommer getrek uit Ou Kloof.

Eerste hoenderkraai was gewoonlik so kwaart voor drie. Dan het die kinders wat in die oorkant gewoon het vir ons wat duskant woon kom roep. Ja daardie tyd het ons gaan tabak plant of pluk. Dit was nog voor skool toe gaan tyd.

Intussen het Oom Kerneels Koopman ook kom intrek. Hy en sy seuns het die skilder werk gedoen. Plaashuise en plaas-implimente , skou waens en perde karre het hulle geskilder. Hulle het ook die doodskiste met dood-kis-bruin verf geskilder.

Ou Nooi Sofie was ons kruie dokter. Haar medisyne was goedkoper en het gouer gewerk as dokter Atta'sn. Verder het ons ouers self met huis-raate gedokter. Bokdrolletjies in warm plaaswyn getrek vir koors. Olie blare en die vel van 'n vars geslagte kat vir inflimasie of kroep bors. Geneusde malvablare in ore vir oorstekings. Uitgebraaide vet en klapper olie gemeng vir gebarste voete. Dokter toe gaan was net vir ernstige gevalle. Ouma Eva, Antie Siena en Antie Berta was ons vroedvrouens. Wynig was daar 'n baba dood gebore.

Vakansie dae was met mening gevier. Guy Fawkes aand was die 5de November gevier. Ons het 'n groot pop met regte klere aan gemaak. Dit was in 'n houtkarretjie deur die strate getrek. Mense het lampolie op ons pop gegooi. Onder die gesing van "Guy het nie hare nie, maar Guy het 'n kind" het ons dit aan die brand gesteek. Nooit probeer uitvind wat die betekenis van Guy Fawkes was nie.

Kersfees was nou 'n heilige kerkdag. Dit was elke jaar dieselfde. Die kersboom en die opvoering van die geboorte van Jesus. Ons bruin vrouens kan darem maar lekker kos maak. Die spyskaart was gewoonlik soos volg - geel mieliérys, gebraaide huishoender, gebraaide aartappels, sousboontjies, afval of skaapvleis en patat.

Oujaarsdag en Nuwejaarsdag was ons 'n jollie klomp. Oor en weer gekuier. Vol-op skuinskoek en droe gemmerkoekies. Lekker gemmerbier wat soms in bietjie te sterk getrek was. Daardie twee dae het die wyn dan ook gevloei.Op almal se geluk word dan gedrink.

So, tussen die 1950 en die 1960 jare was ons dood gelukkig.

Maar skielik het ons vreedsame bestaan ge-eindig. In 1965 het ons mense die bevel gekry om te trek na 'n perseel ver van die dorp. Ons ouers was baie ontevrede. Hulle wou nie trek nie. Ons kinders was weer excited oor die nuwe groot skool en nuutgeboude huise. Die groot mense was egter gedwing om te trek. Die huise was nie almal gelyk gebou nie. Hulle moes maar so stuk stuk met die munisipaliteit se waens trek. Oom Bul en Oom Lukas het nog vasgeskop. Hulle huise was amper bo op hulle plat gestoot.

So is Esterhof gebore. 'n Blanke skoolhoof Mnr. Esterhuizen was ons mense baie goed gesind. Esterhof is toe na hom vernoem.

Esterhof was 'n rou-dorpie in wording. Moet eers getem word . Ongemaklike twee vertrek huisies. Die reuk van die vullishoop en die dam met die afval van die winery was verstinkend. Dit was baie hartseer vir ons toe Ou Kloof heeltemal vernietig word. Elke mens, maak nie saak watter ras, wil graag weet waar vandaan hulle kom. Wil graag 'n tasbare erfenis he. 'n Mens pas maklik aan by omstandighede maar vandag verstaan ons.

Ou Kloof is heeltemal vernietig. Plat gestoot. Niks het oorgebly nie. Die grond het eers in paar jaar brak gele. Nou is daar wingerde geplant.

En ons verlang. Dit is regtig in diepe seer verlange van wat was. Die regering het darem vir ons spoeltoilette, lopende water en elektrisiteit gegee. Dit is sommer 'n groot troos.

In 2002 het die regering die bedrag van R17 000.00 aan die oud-inwoners van Ou Kloof betaal. Ongelukkig is omtrent al die Ou Klowers al dood. Die geld moes toe onder hul kinders verdeel word. 'n Skrale troos. Of was, se ons.

Ons het gewoont geraak aan Esterhof. Die hoop het al vervaag dat ons ooit weer sal terug trek.